
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



**Geloof is uit die gehoor
en die gehoor is deur die Woord
van God Rom. 10:17**

**Faith cometh by hearing
and hearing by
the Word of God. Rom. 10:17**

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.co.za E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

DEUR SY WONDE IS ONS GENEES

Die twee elemente van die nagmaal bestaan uit die brood en die wyn. Die wyn, simbool van die Bloed, het vir ons sondes betaal. Die Brood, simbool van Sy liggaam, het vir ons siektes betaal. As daar geen onbelyde SONDE toegelaat is om `n houvas in ons lewens te kry nie ( deurdat belydenis van alle sondes daagliks gedoen word, voordat die NAGMAALS ELEMENTE gebruik word), sal geen siekte `n houvas op ons kry nie. Waarom twee elemente en nie net een nie? God het `n doel gehad waarom Hy aan ons twee elemente gegee het wanneer ons Jesus se dood herdenk. Die Bloed het vir al ons geestelike behoeftes betaal en die Brood het vir ons fisiese behoeftes betaal. Daar was een offer maar twee elemente.

Die soort brood en wyn wat gebruik word is nie so belangrik nie, want dit is net simbole van die Here se Liggaam en Bloed. Ek glo dat hulle in die Ou en Nuwe Testamente ongesuurde brood en nie-alkoholiese drank gebruik het met die Paasfees en Nagmaal. Moet egter nie toelaat dat hierdie klein puntjie jou daarvan weerhou om die Here se seën te mis, met die gebruik van die nagmaal nie. Die rede waarom nagmaal gebruik word, is om die offerdood van Jesus in herinnering te bring, met harte vol dankbaarheid, lof en danksegging. Paulus verduidelik die Nagmaal soos volg in **1Kor.11:23 – 34: Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; DIT IS MY LIGGAAM WAT VIR JULLE GEBREEK WORD; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker na die ete, met die woorde: HIERDIE BEKER IS DIE NUWE TESTAMENT IN MY BLOED; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot My gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom. Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die Liggaam en Bloed van die Here. Maar die mens moet homself beproef en so van die brood eet en uit die beker drink. Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie. Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal het ontslaap. Want as ons onsself beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie. Maar as ons geoordeel word, word ons deur die Here getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie. Daarom, my broeders, as julle saamkom om te eet, wag vir mekaar en as iemand honger het, laat by die huis eet, sodat julle nie tot 'n oordeel saamkom nie. Die ander sake sal ek reël wanneer ek kom.**

Jesus Christus het gesê dat die brood Sy Liggaam is en die beker Sy Bloed bevat. Dit is natuurlik simbolies, want Hy was nog lewendig toe Hy dit gesê het en die eerste nagmaal, die laaste Paasfeesmaal bedien het. Laat ons terug gaan na die Ou Testament en vasstel waarom Jesus aan die kruis moes sterf. God spreek deur Sy profeet Jesaja en deur in die toekoms na die kruis te kyk, profeteer hy aangaande die Lydende Messias.

Nogtans het Hy ons krankhede op Hom geneem, en ons smarte – die het Hy gedra; maar ons het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Maar Hy is terwille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die staf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom (Jes. 53:4 en 5).

Daar staan duidelik dat Hy vir *ons smarte*, *ongeregtighede en krankhede* sou sterf en dat daar deur Sy Wonde vir ons genesing sou kom! Dit is

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Deur Sy Wonde...)
bykans 600 - 700 jaar voor die Kruisiging van Jesus Christus dat Jesaja dit deur die insperasie van die Heilige Gees geprofiteer het. Gedurende daardie tyd was die Romeise kruisiging – (mens wat aan `n kruis gespyker is om te sterf) – nog onbekend in die Heilige Land.

En toe dit aand geword het, het hulle baie na Hom gebring, wat van duiwels besete was; en Hy het die geeste met 'n woord uitgedrywe; en almal wat ongesteld was, het Hy gesond gemaak. Sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het: Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra(Matt.8:16-17). In Matt. 8:17 bevestig Mattheus, Jes.53:4&5 waar hy van Jesus praat. Hy kyk na Jesus en sien dat Hy al die siekes wat na Hom gekom het genees; hy besef toe dat dit die vervulling is van Jesaja se profesie.
Wat self ons sondes in Sy Liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe: deur wie se wonde julle genees is (1 Pet. 2:24).

Hier kyk Petrus terug na die Kruis en dink aan Jesus se bediening op aarde en ook hy bevestig en staaf weereens die redes en gevolge van Sy kruisdood. (Let op die drie getuies in die Woord: Jes., Matt. en Pet. – die waarheid is bevestig).
Die Bybel vertel dat Hy regdeur die nag met stokke en riete geslaan is. Hy was geblinddoek en bespot. Romeinse soldate het Hom met hul vuiste geslaan en uitgedaag om te profeteer wie Hom geslaan het **(Luk. 22:62).**

Ek glo dat in hierdie proses Sy tande uitgeslaan is, Sy lippe geskeur is, Sy neus beskadig was van die houe en Sy oë toegeswel was van die slae en kneusings, wat dit vir Hom moeilik gemaak het om te sien. Sy oordromme het gebars van die houe teen die kante van Sy hoof want hulle het Hom met oop handpalms geslaan.
Hy was gruwelik aangerand. Die Bybel sê dat Hy ***onherkenbaar* was (Jes. 52:14).** Die soldate en omstanders het Hom bespot en na Hom gespoeg. Hulle het Sy baard uitgepluk **(Jes. 50:6)**. Jesus se baard is met growwe en wrede hande gegryp en uitgeruk.

Toe het hulle Hom gegesel! 'n Uiters wrede straf waartydens baie gesterf het.
Sy hande is bokant Sy kop aan `n balk vasgemaak en 'n groot, sterk Romeinse soldaat het die kats geneem en die liggaam 39 houe toegedien (Volgens Romeinse wet, mag daar nie meer as 40 houe toegedien word nie, en om die verbreking van hierdie wet te voorkom is dit, deur die Jode, op 39 vasgestel).
Volgens die geskiedenis, het die kats wat gebruik is vir hierdie geseling, 'n kort hout handvatsel gehad waaraan nege leer stange was en elkeen het stukkies glas, been en klip daarin gevleg gehad. Elke hou was dus inwerklikheid nege houe. Met elke hou het die stukkies glas, been en klip deur die vlees tot op die been geklowe en stukkies vleis uitgeruk. Die wet het bepaal dat twee-derdes van die houe op die agterkant van die liggaam moes wees en een-derde op die voorkant. Sy liggaam het soos 'n geploegde land gelyk, soos deur die Psalmis geprofeteer is **(Ps.129:3)** omtrent 'n duisend jaar voor die kruisiging. Die kats het in pekelwater gelê, wat die geweldige pyn met elke hou vererger het en elke hou het gebrand soos 'n kool vuur.
'n Purper kleed is oor die rou, bloeiende wonde van Jesus gehang en later weer, nadat die bloed gestol het, afgeruk en dit vererger.

'n Kroon van dorings is op Sy kop geplaas (Joh. 19:2 en 5). Ek het twee dinge omtrent die doringkroon uitgevind. Eerstens was dit nie `n *sirkel van dorings nie,* maar `n *mus van dorings* wat die hele kopvel bedek het. Tweedens was dit gemaak van `n inheemse struik, met lang dorings soos vishoeke en was ongeveer 2,5 cm. lank. As dit eers eenmaal ingesteek het, hak dit vas en kon dit nie maklik uitgetrek word nie. Sy "kroon" moes op sigself 'n geweldige straf gewees het!
Jesus moes Sy kruis teen `n steil heuwel na Golgota uitdra en dit nadat Hy die hele nag mishandel is en baie bloed verloor het s.g.v. die geselwonde. Dit was 'n swaar kruis van plus minus 75 kg en Hy het onder hierdie geweldige gewig gestruikel, weens swakheid. Met Sy struikeling het Hy waarskynlik geval. Sy knieë en elmboë was stukkend van die val.

En toe hulle op die plek kom wat Hoofskedel genoem word, het hulle Hom daar gekruisig, en die kwaaddoeners, een aan die regter- en een aan die linkerkant (Luk.23:33).
Alhoewel Lukas die kruisiging slegs in `n paar woorde beskryf, was dit `n afgryslike gebeurtenis wat elke keer plaasgevind het wanneer iemand gekruisig is!
Soos ek dit beskryf sal jy besef hoe dit die Vader moes folter om Sy kosbare, sondelose, vlekkelose Seun tot die uiterste toe moes sien ly. Let op, soos ons deur die doodstryd gaan, hoedat Jesus van die kroon van Sy hoof tot die sole van Sy voete gewond en gekneus was – dit was om vir siektes en kwale van ELKE deel van ons liggaam te betaal. Van die hoof tot die tone. Hy het dit alles op Homself geneem! Van die doringkroon op Sy hoof tot die skerp spyker wat dwarsdeur Sy voete geslaan is.

Romeinse soldate het Jesus op die kruis vasgehou met een arm op die dwarshout uitgestrek. 'n Vierkantige spyker (omtrent 15cm lank) met `n skerp punt is deur Sy gewrig, wat deel van Sy hand is, gekap. Ek glo dat dit deur Sy gewrig was omdat daar net sagte weefsels in die hand is wat maklik sou uitskeer sodra die liggaam se gewig daaraan hang. In die gewrig is daar agt klein en twee lang bene, wat deur sterk ligamente en senings aanmekaar gehou word. Hierdie bene is

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Deur Sy Wonde…..)
uitmekaar geskeur deur die spyker en die pyn moes onbeskryflik gewees het. Ons weet hoe pynlik dit is om net `n gewrig te verstuit. `n Dik senuwee, naamlik die mediaan senuwee wat in die middel van die gewrig is voorsien beweging aan die duim en gevoel aan 'n groot deel van die hand. Hierdie senuwee is oor die skerp kant van die spyker gespan, soos 'n kitaarsnaar oor sy brug, en dit het geweldige krampe in die duim veroorsaak sodat die duimnael diep in die handpalm gesny het.
Een van die pynlikste toestande is om 'n senuwee te rek en dit is presies wat hier gebeur het. Almal was al in `n tandartsstoel waar `n tand gestop is. Wanneer die boor naby die tand se senuwee kom (wat maar die dikte van `n haar is) is die pyn geweldig. Kan jy jou voorstel hoe ontsettend dit moet wees as `n dik senuwee, die dikte van `n breinaald, voortdurend in `n gestrekte posisie oor `n spyker is?

Hulle het Jesus se ander arm, sover moontlik na die teenoorgestelde rigting gestrek. Die tweede spyker is deur Sy ander gewrig tot diep in die hout geslaan.
Sy twee voete is plat, die een op die ander, teen die kruis geplaas. Dieselfde soort spyker, maar `n langer een is deur albei voete geslaan en dit het die voetbeentjies uitmekaar geskeur. Sy knieë was in 'n gebuigde posisie. Die kruishout is opgelig en die onderpunt is in die gat, wat gegrawe is, laat val. Op daardie oomblik het die stryd tussen lewe en dood begin.

Toe die kruis onder in die gat vasslaan, het die liggaam nog deur die dryfkrag en gewig aanhou beweeg. Dit het nie net verdere skeuring van die weefsels, vel en senings ens. veroorsaak nie, maar die skouergewrigte is ook, deur die skielike ruk, uit hul potjies geruk. Die Psalmis het reeds `n duisend jaar tevore vertel dat al die beendere in Sy liggaam los sal raak **(Ps. 22:15)**. Dit het ook veroorsaak dat die borsspiere opgetrek het en die longe in 'n permanente posisie van inaseming was. Die longe is vol lug, maar Hy kon dit nie uitblaas nie. Dit het `n tekort aan suurstof in die bloedstroom veroorsaak, sodat Sy vel `n blou kleur gekry het en Sy oë uitgepeul en bloedbelope was. Geweldige perspirasie, soos met versmoring vind plaas en hierdie sweet loop in die rou wonde wat die pyn nog verder vererger. Hierdie toestand is medies bekend as metaboliese asidose en kan vergelyk word met die krampe wat by `n onfikse atleet voorkom gedurende oefening
Stel jou die vreeslike pyn voor wat hierdie krampe veroorsaak! Almal het al een of ander tyd `n kramp in `n been gehad.

Al manier waarop die Gekruisigde 'n bietjie suurstof kon kry was om Sy knieë reguit te maak en die volle liggaamsgewig op die een spyker deur Sy voete te plaas. Die spiere wat die bors optrek verslap dan en die bors beweeg af en maak uitaseming moontlik. As gevolg van die geweldige pyn in die voete, moet Hy baie vinnig asemhaal, alhoewel Hy dit bitter nodig het, en dan die knieë weer buig. Die liggaamsgewig hang nou weer aan die ontwrigte skouers.
Hierdie proses hou vir ure aan terwyl swakheid toeneem. Uiteindelik was Jesus te swak om Sy bene reguit te maak en sterf weens versmoring.
Gedurende die stryd ontwikkel akute hartversaking en water vorm om die hart a.g.v swak bloedsomloop. In Jesus se geval het Sy lyding aan die kruis ses ure geduur.

Jesus het nie een keer Sy mond oopgemaak om te kla, gedurende al hierdie fisiese marteling en pyn nie. Die Bybel sê dat Hy soos `n lam was wat na die slagplek gelei is **(Jes.53:7)**. Toe Hy egter my en jou sondes op Homself geneem het, en Sy Vader Sy gesig weggedraai het van Sy Seun (want God kan nie sonde aanskou nie), het Jesus in smart uitgeroep: **"My God, my God, waarom het U My verlaat?" (Matt.27:46)**. Jesus was slegs vir `n oomblik deur God verlaat, maar hierdie smart was vir Hom erger as enige fisiese lyding wat Hy deurgemaak het! Hierdie behoort vir ons, as ons nie wedergebore is nie, `n waardevolle les te wees, want ons kan vir ewig van God verlaat wees. Jesus het altyd Sy Hemelse Vader as "Vader" aangespreek, maar met die geleentheid, waar Hy van Sy Vader geskei was deur ons sondes, wat Hy op Hom geneem het, het Hy Hom "God" genoem! Net hierna het Jesus uitgeroep: **"Dit is volbring" (Joh.19:30)** en **"Vader, in U hande gee Ek my gees oor!" (Luk.23:46).**

Die verlossingswerk is voltooi en die volle prys is betaal. Hierna is Sy Liggaam begrawe en op die derde dag het Hy uit die graf opgestaan. Onthou dat Jesus, voor Hy gesterf het aan die misdadiger langs Hom gesê het: **"Voorwaar Ek sê vir jou, <u>vandag</u> sal jy saam met My in die Paradys wees"(Luk.23:43).**

Ek glo dat Hy daar *naak* gehang het. Vir 'n Jood was dit die grootste vernedering denkbaar – om nakend in die openbaar te wees .
Soos baie hulle oor U verstom het – so misvormd was sy voorkoms, geen mens meer nie, en sy gestalte was nie soos die van 'n mensekind nie (Jes.52:14).
Nog nooit was 'n liggaam só vermink soos die van Jesus Christus, die Seun van God, wat vir my en jou redding en genesing die prys betaal het.
Kan jy sien hoedat Sy liggaam gebreek was, van die kroon van Sy hoof, waar dorings Sy kopvel binnegedring het, tot Sy voetsole waardeur `n spyker gekap is! Elke deel van Sy liggaam was gebreek om vir die genesing van ons liggame te betaal. Sy hoof, oë, neus, ore, tande, lippe, vel, longe, ingewande, lewer, hart en nog meer is gewond vir "elkeen" wat glo en deur geloof, so `n wonderlike Verlosser en groot Offer ontvang!
Dit is van hierdie wonde wat Jesaja, Mattheus en Petrus gepraat het, en ook Jesus, toe Hy die brood by die laaste Paasmaal gebreek het. Hierdie wonde kan deur geen kerk, teologie of tradisie weg
(Vervolg of Bl. 4)

geredeneer word nie en daarom is dit 'n onomwonde feit dat DIT GOD SE WIL IS OM TE GENEES. Waarom anders sou Hy toegelaat het dat Sy Eniggebore Seun op so `n wyse vermink word? Jesus kon vir ons siektes betaal omdat Hy geen siekte geken het nie. Hy kon vir ons sondes betaal omdat Hy sondeloos was. Hoeveel van ons onderskei wat die Here se Liggaam vir ons aan die kruis gedoen het?

Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie. Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal het ontslaap (1 Kor.11:29-30). Dit is waar dat daar vandag baie swakkes en sieklikes in die kerke is omdat die regte lering ontbreek, en dus onkunde dat genesing moontlik is deur onderskeiding waarvoor die Here se gebreekte liggaam betaal het.

Hierdie hoogste offer is reeds 2000 jaar gelede vir MY en JOU gebring. As ons dit aanneem kan ONS die ewige lewe en VOLKOME GENESING in Gees, Siel en Liggaam ontvang.

In **Num. 21:4-9** lees ons van die giftige slange wat God onder die volk van Israel in gestuur het omdat hulle teen God en Moses gemurmureer het. Hulle het van die slangbyt gesterf. God het toe aan Moses instruksies gegee om 'n giftige slang van koper te maak en dit op 'n paal te sit en as iemand wat gebyt is daarna opkyk, sal hy lewe! Dit is gedoen en ons lees in **vers 9: Toe het Moses 'n koperslang gemaak en dit op 'n paal gesit: en as 'n slang iemand gebyt het en hy kyk na die koperslang, het hy in die lewe gebly.**

Joh. 3:14 sê: En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word.

Waarom moet Hy soos die slang in die woestyn, verhoog word? Sodat wanneer enige iemand na Hom aan die Kruis kyk, daardie persoon sal lewe en nie sterf nie!! Siekte sal van jou wyk as jy na Hom, wie se Liggaam vir jou gebreek is " kyk", en jy sal van jou sonde gereinig word as jy na Hom " kyk" wie sonde vir jou gemaak is.

Oorvloedige lewe hier op aarde en die Ewige lewe hierna, is vir diegene wat met geestelik geopende oë na Jesus aan die Kruis KYK - en die voordele verstaan en ontvang waarvoor Hy ten volle betaal het – deur Sy gebreekte Liggaam en gestorte Bloed!

FAITH IN ACTION

The key to answered prayer is to ask God for what you want according to His promises and then to believe that He has done it. The Lord already knows what we want, but in spite of this He says we are to ask Him. The Bible says: **Your Father knoweth what things ye have need of(Matt. 6:8),** but then He says that we must draw near to Him and lay it before Him. To say that you can leave everything to God because you know that He will only allow the best to happen to you, is actually contrary to the Word. Jesus said: "**Ask, and it shall be given you; seek, and ye shall find; knock, and it shall be opened unto you" (Matt. 7:7).**

We read in **I John 5:14 & 15: And this is the confidence that we have in Him, that, if we ask any thing according to His will, He heareth us: And if we know that He hear us, whatsoever we ask, we know that we have the petitions that we desired of Him.** Always ask according to His will - God's Word is His will, and His Word says that He is the Lord our God that heals us, therefore we may ask for our healing according to His Word (Will). He says that He will supply in all our needs, therefore we can bring all our needs to Him. I cannot ask God for another person's possessions, because that would be against His Word or will.

For verily I say unto you, that whosoever shall say unto this mountain, Be thou removed, and be thou cast into the sea; and shall not doubt in his heart, but shall believe that those things which he saith shall come to pass; he shall have whatsoever he saith. Therefore I say unto you, What things soever ye desire, when ye pray, believe that ye receive *them,* and ye shall have *them* (Mark. 11:23-24). God says that when you pray believe that you receive and you will receive what you ask for. The world says, "when I see I will believe", but Jesus says we must believe before we see.

These words of Jesus about prayer are a real challenge to me. Ask God for things you desire and believe that you will receive them. Believe that you receive what you ask for, just right there while you are praying.

You must believe that you have it before you receive it. This may at first be difficult to grasp because we have been conditioned over the years to see first and then to believe, but that is how Jesus teaches us to pray. Basically it is that we must believe God and not Satan. Satan will say to you that you do not have that for which you ask. But Satan works through the senses. Satan works according to this world. And here we must first learn to distinguish between the physical/senses area and the truth of God's Word - the spiritual and the physical - there is certainly a big difference between these. Truth is not only connected to what we can see, but also with things of the spirit; that which we cannot see. And this is where **Eph. 1: 3** underlines such a wonderful truth to us, namely: **Blessed be the God and Father of our Lord Jesus Christ, who hath blessed us with all spiritual blessings in heavenly places in Christ.**

In other words everything we need, has already been supplied in Jesus Christ. We may not see it, but it already exists.

Our natural mind may rebel against this insight of the existence of things that we cannot see, but it is here where we must trust in, and believe that God's promises are applicable, because it is our belief in God that grasps these promises and makes them a reality in our lives. Unfortunately this problem of being able to see the unseen is not taught in most of our churches today, and therefore we lack practice

in this spiritual area.

For we walk by faith, not by sight (2 Cor. 5:7).

A preacher whom I know, illustrates this excellently with an incident that happened in his own life. He told how he had to preach in a small building that was heated by coal stoves. Sometimes it was very cold and sometimes very hot. One evening he was drenched in sweat from the intense heat from the stove and went outside for a bit of fresh air. That resulted in a throat disorder and later when he went to his car, he could hardly speak. The next day he could only whisper and his chest was sore. Then he started reading Scripture about healing, and then prayed, "**Lord, Your Word says that I am healed by Your wounds.** My body, my family and my feelings say to me that I am still not healed. **Your Word says God is Truth and man a liar.** If I say that I am not healed, I am a liar. **Your Word says God cannot lie. Let God be true, but every man a liar; as it is written, That thou mightest be justified in thy sayings, and mightest overcome when thou art judged (Rom.3:4).**

That evening he said to the Lord that he was getting up and going to preach. Then he went to the hall, stood up to speak, and said over the microphone that he wanted to thank God because He had healed him.

Off course the audience looked at him with surprise, because he was still whispering. Then he explained to them that the Bible said he was healed. What God says is the truth and if he should have said that he was not healed, he would make God out to be a liar and he would also be one.

Then he asked everyone to stand up and praise God with him for his healing. Then some of the people stood up and started praising. He had not even said hallelujah three times, when his voice came back. Then he started preaching and what a blessed impact that preaching had, because the audience saw before their own eyes the Word of God in action.

And it is the same God and the same Word that will work for you. Some people continually ask why God does not want to heal them, in spite of the fact that they have been prayed for so many times. You need to ask them then if they have acted according to God's Word. You must respond to God's promises as TRUTH. All of God's promises in His Word are TRUE — and because they are, we must not make them ineffective by our unbelief. God gave everyone a measure of faith **(Rom.12:3)**. We must use it, and we will move mountains **(Mark. 11:23)**. And with that God means actual mountains, like illness, poverty and disaster.

The third step to answered prayer is to keep every thought and desire focused on agreeing with that for which you have asked. Do not for a moment picture failure in your mind. Rebuke every thought of doubt. Fix your mind on the answer.

Resist the devil, and he will flee from you (James 4:7). (Take note of the condition: "Submit to God").

Be sober, be vigilant; because your adversary the devil, as a roaring lion, walketh about, seeking whom he may devour (1 Pet. 5; 8).

Doubt is from Satan: resist him. Expel every image, proposal, vision, dream, impression, feeling and all thoughts that are not edifying to your faith, then believe that you will receive that for which you have asked. Rejoice and meditate on those that really build up your faith. Remember, Satan can also move in the area of suggestion, dreams or a negative feeling we may experience and which is definitely not from God—we must learn to discern and to resist the devil.

I know of a preacher who worked for 20 years in a congregation and did excellent work. He was just over 50 years old when he had to stop his work because of a physical problem. It worried him and kept him from doing his best. Although he was a preacher, he did not have enough faith to believe that God would heal him. One morning when he woke up, he saw a person in glittering clothes and he thought that it was Jesus. This person said to him that it was not his will to heal the preacher. It could not have been Jesus, because in **Matt. 8:17** Jesus says: **Himself took our infirmities, and bare our sicknesses.**

Jesus is the Word of God. **God, who at sundry times and in divers manners spake in time past unto the fathers by the prophets, hath in these last days spoken unto us by His Son, whom He hath appointed heir of all things, by whom also He made the worlds (Heb.1:1-2).**

God speaks to us through Jesus. Jesus is God – in – Action:

Who went about doing good, and healing all that were oppressed of the devil (Acts 10:38).

Thus if Jesus should appear to you and say that it is His will not to heal you, He would make Himself a liar. Would He want you to carry the sickness He carried for you on the cross? Now you see that it was the devil that appeared to my preacher friend, and he accepted his lies. God does not sow doubt and unbelief. Read **2 Cor. 11:14.** Satan can come as an angel of the light.

Often people say that they "feel" that God has heard them. It is a foolish thing to say. Better say that you know for sure that God has heard you. God's Word says so, if I feel it or not. Even if I feel so discouraged and negative about a matter, I know that it is a lie of the devil, because he is a liar and steals and destroys all that is constructive **(John 10:10)**. The confession, declaration (audibly spoken), of words of faith must be part of our lives. Stand firm and refuse to be overcome.

The fourth step is the one where most people make a mistake when they pray and I believe it is again also because of a lack of knowledge. Read John 16:23-24: **And in that day ye shall ask Me nothing. Verily, verily, I say unto you, Whatsoever ye shall ask the Father in My name, He will give *it* you. Hitherto have ye asked nothing in My name: ask,**

and ye shall receive, that your joy may be full.

Do you see that we are supposed to pray to the Father in the Name of Jesus. Under the old Covenant, before Jesus was crucified and rose from the dead, they prayed without the Name of Jesus - even the beautiful "Our Father" prayer falls in this category. But when Jesus rose from the dead God exalted His Name above all other Names. Take note, Jesus Himself taught us to pray always to the Father, no matter our circumstances or age **(Matt. 6:9)**. Jesus Name is in the first place Great because He inherited this Great Name. Read **Heb. 1:1-6**. There is written in **verse 4** that: **He hath by inheritance obtained a more excellent name.**

Jesus' Name is in the second place Great because it was given to Him. Read **Phil. 2:9-11**. **Verse 9 : Wherefore God also hath highly exalted Him, and given Him a name which is above every name.**

Jesus' Name is thirdly Great because He earned it by His victory and triumph. Read **Col. 2:15** en **Eph. 1:20-21**. Verse **21: Far above all principality, and power, and might, and dominion, and every name that is named, not only in this world, but also in that which is to come.**

But let us get back to our prayers: If you loose the keys of your car you can't get it going, maybe you can't even open the door, to say nothing about starting the engine! Therefore, the car key is of the utmost importance.

In the same way, God has given us a special prayer key; this key will open the doors and windows of heaven to supply all our needs - this key is the Name of Jesus!

Jesus is our Mediator, our Intercessor, our Advocate and our Lord. He is standing between us and the Father and it is the Bible's instruction that we must go through Jesus to the Father when we pray. Look again at **John 16:23** where **"that day"** means the present day the time in which we live. Jesus spoke these words just before Calvary, just before the New Covenant would be concluded and ordained. It is the day of the New Covenant/Testament. And it is in this day in which we live that we must pray in the Name of Jesus, as He commanded us.

If you read carefully through the Acts of the Apostles you will see that they did not always pray for the sick and needy, but they spoke in the Name of Jesus and miracles happened. And these Apostles did not have any secret power or means, they had the Name of Jesus and that's the Name that had the power. And this Name has never been taken away from His Children, this Name belongs to us because Jesus is our Lord—make use of it, not as idle repetition, but with the conviction that the Name of Jesus has not changed **(Heb. 13:8)** and that your prayers will be answered in that Name. I have heard many people praying to the Holy Spirit. Nowhere was the Holy Spirit prayed to in the Bible and is thus unbiblical to do so.

In short, there are also those who are in the habit of saying "for Jesus sake" - this is also an error. We surely do not ask for healing or food or whatever for Jesus' sake, but for our own sake - You need it. Therefore let your prayers always begin with: My Heavenly Father, I come to You in the Name of Jesus Christ … Ask in the Name of Jesus because it is only in that Name that God the Father will answer, as it is the Name of His Beloved Son.

Now let us read **Matt. 16:19: And I will give unto thee the keys of the kingdom of heaven: and whatsoever thou shalt bind on earth shall be bound in heaven: and whatsoever thou shalt loose on earth shall be loosed in heaven.**

Here we are given, by the words of Jesus Himself, all authority over the evil powers of Satan. This ability to bind and loose, in the Name of Jesus, is a very effective weapon against every satanic influence and attack. We see in **John 10:10** that Jesus came to give us abundant life, whilst our enemy, the devil came to steal, kill and destroy.

Jesus gives us a wonderful example in **Luke 13** from **verse 10: And He was teaching in one of the synagogues on the Sabbath. And, behold, there was a woman which had a spirit of infirmity eighteen years, and was bowed together, and could in no wise lift up herself. And when Jesus saw her, He called her to Him, and said unto her, Woman, thou art loosed from thine infirmity. And He laid His hands on her: and immediately she was made straight, and glorified God. And the ruler of the synagogue answered with indignation, because that Jesus had healed on the Sabbath day, and said unto the people, There are six days in which men ought to work: in them therefore come and be healed, and not on the Sabbath day. The Lord then answered him, and said, Thou hypocrite, doth not each one of you on the Sabbath loose his ox or his ass from the stall, and lead him away to watering? And ought not this woman, being a daughter of Abraham, whom Satan hath bound, lo, these eighteen years, be loosed from this bond on the Sabbath day? And when He had said these things, all His adversaries were ashamed: and all the people rejoiced for all the glorious things that were done by him.**

The Word says that the whole of Scripture is inspired by the Holy Spirit so that we can learn from and act upon it. Jesus also commanded us to do the works which He had done and here we have a wonderful example of how He handled the devil.

You can also bind the powers of Satan that are working in your finances to cripple them and prevent you and your Family from having enough to live on comfortably. You can bind the powers of Satan that are working to cause your husband's addiction to alcohol or any other ungodly habit. Always keep in mind that God's Will for your life, as His Child, is written in the Bible. The most important commandments in the Bible are, **"to love the Lord with all your heart and mind and strength and your neighbour as yourself (Matt. 22:34-40)**, then it is God's Will for you to be healthy,

that you have peace in your soul, that you will have life in abundance and that your marriage and work will be blessed. The Bible says: **your adversary the devil, as a roaring lion, walketh about, seeking whom he may devour(1 Pet. 5:8).** He sends his evil powers to influence you causing destruction. But by binding these powers in the Name of Jesus you negate their influence.

When Two of You Agree — Again I say unto you, That if two of you shall agree on earth as touching any thing that they shall ask, it shall be done for them of My Father which is in heaven (Matt.18:19). Let us not put any restrictions on these words, let us take Jesus at His Word: the only requirements are that two people who believe, must be on earth and they must agree, then God will be faithful. The prayer must be in line with God's Word and His promises: **It shall be done for them of My Father which is in heaven.** Jesus says in **John 14:14** that if we ask for something in His Name, He **will** do it. **And this is the confidence that we have in Him, that, if we ask any thing according to His will** (Word)**, He heareth us (1 John 5:14).**

Matt. 18 verse 20 is also a wonderful scripture: **For where two or three are gathered together in My name, there am I in the midst of them.** Therefore where two agree, Jesus is there to provide for what they ask.

Find a prayer partner and pray regularly together and you will experience great blessing. You and your wife/ husband can also form a powerful team when it comes to prayer and intercession, because God Himself will bring about the answers to prayers prayed in agreement. Remind God of His Word. I also just want to emphasize here that we will not make any progress in our relationship with God and in our prayer life if we don't spend much time with Him in prayer and if we pray prayers full of vain repetition, not really expecting Him to answer. To get results we will have to really make time for our devotions and prayer life, making this a priority in our lives. It will ask of you your time, extra time, your best time and here I recommend the beginning of your day, when you are fresh and awake.

God says in **Song of Solomon 7:12: Let us go up early ….. then I will give thee my love.** Take note that Jesus Himself went early in the mornings to pray when He was on earth. But even the time of day is not the most important fact, but that you have a regular, appointed time every day with God in prayer and His Word, and not let it be replaced with everyday activities. But be alert to Satan, as he will do anything in his power to keep you busy—even sometimes with church activities— so that you do not separate yourself to be alone with God. **He is a rewarder of them that diligently seek Him (Heb. 11:6)** – this is God's promise.

Finally, read **Mark. 11:25-26: And when ye stand praying, forgive, if ye have ought against any: that your Father also which is in heaven may forgive you your trespasses. But if ye do not forgive, neither will your Father which is in heaven forgive your trespasses.**

Prayer will not work if you do not have a heart of forgiveness. You cannot have an effective prayer life if you cherish revenge and hatred: that feeling of getting back at someone must be removed from your heart. Do not even entertain the smallest amount of bitterness, envy or revenge, because these feelings grow very fast and God cannot answer your prayer with unforgiveness in your heart. Remember the man who was forgiven, but did not forgive his fellowman and he was given over to the tormentors. Jesus has forgiven you, should you not forgive also? Deal regularly with small grievances by confessing them to God and He will forgive you and cleanse you by His precious blood. Hallelujah

We must know how to pray out of the mouth of three Biblical witnesses: viz. **Matt. 6:7-16; Mark. 11:24-26** and **1 John 5:14-15.** Speak to God as your Heavenly Father, glorify and praise Him before you ask for anything. This is the key into His presence — thanksgiving and praise and not complaints and doubt. Then you ask your Heavenly Faith for what you need—do not tell Him about all your problems, He knows what they are before you pray. Jesus says 7 times in **John 14:15-16: Ask anything in My Name** - He does not say: Tell me all about your problems, because He even knows how many hairs are on your head and He knows all your problems. Do not accuse Him for your problems, it is Satan and not God that brings them over you, and do not tell God how to solve your problems, but ask Him for His grace and Godly solution. Always pray the answer to the problem. Jesus is our example and He never prayed the problem, but the answer. After you have prayed, believe that your prayer is already answered, according to **Mark. 11:24** that says: **Therefore I say unto you, What things soever ye desire, when ye pray, believe that ye receive *them,* and ye shall have *them,*** and then praise God every day until the answer manifests. Do not pray the same thing over and over again, because it indicates that you did not believe in the first place . However you may remind Him of His promises **(Is. 62:6).**

Jesus Christ died on the cross for our sins, iniquities and sicknesses. Read **Is. 53:3-4; Matt. 8:17** and **1 Pet. 2:24**. It is His will that we should prosper and that we should be healthy – this He says in **3 John 2.** We call this the revealed Will of God, as it is according to His Word just as it is according to His Word that all of us must be saved.

Then when we are praying for healing and end with: "if it is Thy Will" , we are actually saying to God that we do not believe His Word, and that maybe His promises for healing do not apply anymore. It is better to conclude your prayer for healing, deliverance, forgiveness, etc. with these positive words:

According to Your Will!

UIT ONS KANTOOR

Geliefdes,

Ons is soms so geneig om te dink dat dit wat ons van Christus ontvang het, verdien moet word. Dit is soos meeste van ons geleer is. Dieselfde het met die Galasiërs gebeur.

Hy wat julle dan die Gees verleen en kragte onder julle werk, doen Hy dit uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof? Net soos Abraham in God geglo het, en dit is hom tot geregtigheid gereken (Gal.3: 5-6).

God het Abraham se geloof as geregtigheid gesien! Waarom?
Die enigste manier hoe ons, ons liefde vir Jesus kan demonstreer is deur om in Hom te vertrou. Vertrou Sy Woord, vertrou in die genoegsaamheid van Sy offer en in Sy voltooide werk aan die kruis.
As ons enigiets daar byvoeg, sê ons eintlik dat Sy offerande nie genoeg was nie en dat ons Hom moet help om ons te red.

Paulus praat hier met die Galasiërs oor hierdie selfde saak. Guzik(Bybel verklaarder) sê:
Hulle het gedink: "Ons is voor God geregverdig as gevolg van wat Jesus vir ons gedoen het, plus wat ons vir Hom onder die Wet van Moses doen." Om dit reg te stel het Paulus eers oor sy eie ondervindinge geskryf –eerstens, het hy deur geloof alleen na Jesus gekom, nie deur geloof plus om onder die wet te wees nie.

Hoe geseënd is ons om bevry te wees van dit alles! Ons moet aangaan in die vryheid wat Christus vir ons verkry het en lewe en wandel in die geloof dat Christus in ons is, ons hoop en heerlikheid **(Kol. 1:27).**

Ons wil julle weereens aanmoedig om in die tye waarin ons leef, steeds onwrikbaar vas te hou aan Jesus en die Woord. Wees verseker van ons gebede en liefde vir elkeen van julle.

Baie dankie vir jul gebede, aanmoediging en ondersteuning om die Woord te versprei, ons waardeer dit baie.

Liefde groete

Meg en die Gebedspan

SKATKIS

En baie vroeg in die môre, op die eerste dag van die week, het hulle en ander saam met hulle by die graf gekom en die speserye gebring wat deur hulle toeberei was. En hulle het die steen van die graf afgerol gevind (Luk.24: 1-2).
Hierdie vroue het aanvaar wat hulle gesien het. Hulle geliefde Jesus het gesterf en nou gaan hulle volgens hul tradisie die liggaam salf. Met hul aankoms het hulle gesien dat die enorme steen nie meer die graf verseël het nie, dit was weggerol!
Hoe dikwels ploeter ons net aan in ons lewens, verwag net die gewone, maar wanneer ons lewens in Jesus se Hande is, behoort ons die onverwagte te verwag! Hy bring lewe voort uit elke dooie en alledaagse omstandigheid.
Ons moet onsself onvoorwaardelik aan Hom gee, want Hy rol die klippe weg, wat ons weg versper en die geheime en dooie dinge in ons lewens wegsteek en blaas Sy opstandingslewe in ons.
Vra vandag vir Hom om daardie klip, wat dit ook al mag wees, weg te rol en jou in Sy teenwoordigheid te trek waar ons vernuwing en volheid van die lewe kan vind!

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos. Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens.

Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411.
Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede : Stanger Christian Sentrum, Eerste Nasionale Bank, 53730091667, Kode: 220129